



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

24 Februarie 2022

### Gedagte vir die week:

Mag ons nooit ons verwondering verloor nie.

### Vertretpunt:

Handelinge 3:1-13

### Meditasie uit die Woord:

Soms haak ons mos vas by ou gewoontes. Petrus en Johannes kom al jare aan met 'n godsdien/geloof wat daaglikse gebede op spesifieke tye op 'n spesifieke plek voorskryf. So is Petrus en Johannes op hulle gewoonte-reis op pad na die tempel. Op hierdie middag gryp God die geleentheid in 'n "net-toe-oomblik" wat ons herinner aan die "meteens" van Bethlehem se velde en die "skielik" van Pinksterdag. Die verrassende hemelvaart van Jesus word opgevolg met nog 'n verrassende Goddelike aardevaart na die Mooipoort by die tempel. Hier kruis twee paaie binne 'n Godsbestuurde geskiedenis van drie mense, Petrus, Johannes en die verlamde man. En daar gebeur iets wat almal wat betrokke is se verbeelding aangryp. En Petrus wat kort tevore nederigheid geleer het by 'n hoenderhaan se gekraai is dadelik gereed om geen eer of lof vir homself op te eis nie. Dit is nie meer vir hom belangrik om nommer een te wees nie. Ek vermoed dat Petrus n et so verbaas was soos almal, en dat hy dalk selfs kon gedink het dat hy self ook nie weet hoe en hoekom dit gebeur het nie. Jy sien, wanneer God wonderwerke doen, word mense oorgeneemde instrumente deur wie Hy doen wat Hy wil, waar Hy wil, wanneer Hy wil en aan wie Hy wil. Daarom kan ons nie Goddelike wonderwerke voorspel of belooft of waarborg of adverteer nie, want ons besit nie die gawe tot wonderwerke nie, ons kry dit dalk een maal of herhaaldelik. Later, in Handelinge 8, lees ons van Simon die Towenaar, wat die gawe tot wonders wou koop en deel wou maak van sy arsenaal "sirkus-en-konsert-toertjies" waarmee hy mense vermaak en verstom het. In die teenwoordigheid van Goddelike wonderwerke ervaar 'n mens 'n baie nederige en twyfellose verwondering. Daar is geen plek vir spoggerige getuienisse of ego-gedrewe glorie nie. Daar is net ruimte vir verbasing!

### Reisgesprek en Youtube-skakel:

**Op Sondagoggend 27 Februarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou.** Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/SA8r5Sjlojs>

### Meditasie uit die Lewe:

Ek is hierdie week by meer as een geleentheid verras deur "small miracles" in die vorm van boodskappe en stemme wat net op die regte tyd vir my die regte boodskappe gebring het. Ek was nalv ons teks natuurlik hierdie week meer sensitief vir hierdie klein Godgewe genadetjies. Ek het ook weer besef hoe dikwels ek in die verlede, agv nalatigheid, God soms mis gekyk het. Ek bid maar net vir 'n sensitiewe gees. Ek bid: "May we never lose our wonder, may we be just like a child, wide-eyed and mystified, staring at the beauty of our King". Mystified! In verwondering! Saam met die man by die Mooipoort!

### Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)**